

HOOFSTUK VI.

KRITIESE BESKOUIING

A. DIE TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE VIER PROVINSIES

Inleiding

As gevolg van die onwrikbare vertroue in die klassieke skool andersyds en van die hoë finansiële vereistes vir die tegniese en beroeps-  
onderwys andersyds was die ontwikkeling in Suid-Afrika in al vier die  
provinsies glad nie in ooreenstemming met die ekonomiese behoeftes van  
die land nie. Hier is doelgerigte leiding en aansporing van dié soort  
van onderwys nog nie eens ter sprake nie. Deur onderwysbeplanning wat  
altyd met die behoeftes van die mens as wese en met die skool as sosiale  
instelling rekening moet hou, kon hierdie besondere aspek van die volks-  
lewe in al vier die provinsies in baie nouer kontak met die ekonomiese  
en nywerheidsaspekte van die land gebring gewees het. Daar is deur-  
gaans die beleid gevolg dat die behoefte eers moet bestaan en dan is  
langsaam aan die vereistes voldoen.

Tweedens was die soort onderrig nie daar om aan 'n ekonomiese of  
industriële behoefte in die land te beantwoord nie, maar om op groot-  
skaalse wyse deur die onderwys die armblankevraagstuk op te los. Dat  
dit tot bykans die volle 100 persent daarin geslaag het, lewer genoeg-  
saam bewys dat dié soort onderwys niks hoef terug te staan nie in die  
skepping van geleenthede vir die behoorlike opleiding van die volwaar-  
dige mens.<sup>1)</sup> Trouens, dit kan met die grootste veiligheid gesê word  
dat menige provinsiale gewone skool selfaktiwiteit as 'n ruïnering van  
die klasdisipline sien en daarmee basta met die beginsel van onderwys  
nl. dat daar geen belewenis bestaan sonder die doenaspek nie. Eers  
wanneer die geskrewe en gesproke woord sodanig begryp word dat dit deur  
die psige opgeneem, verwerk en in konkrete vorm vergestalt is, is die  
proses van opvoeding voltooi.

---

1. Malherbe, Koers in die Krisis, Dl. III, 349: Die Skool se funksie  
is vorming van die mens om sy aardse taak te verrig in volkome ge-  
hoorsaamheid aan die goddelike voorskrif, en sy aardse taak is om  
dienende die volksbelang te bevorder. Die skool voed op tot diens  
van die volk. Alle opvoeding moet dus volks- en God-gerig wees.

1. DIE WESE VAN DIE BEROEPS- EN TEGNIESE VAKKE IN DIE GEWONE PROVINSIALE SKOLE

Nieteenstaande die tegniese en beroepsvakke voor 1910 en selfs in die latere gedeelte van die negentiende eeu in verskeie skole in Suid-Afrika aangebied is, het die beginsel wat agter die aanbieding gesit het heelwat verskil van die wat na Uniewording daaraan geheg is. Vroeër is die handwerkvakke aangebied omdat dit n nuttige doel gedien het en beter in die smaak van die ouer en die kind geval het. Ook het dit in die plek gekom van die klassieke vakke Latyn en Grieks, wat vir meer as negentig persent van die skoolbevolking bloedweinig waarde gehad het. Die bedoeling hier was dat die vakke meer van tegniese aard sou wees en minder prakties. In die twee verowerde Republieke het die Britse militêre owerheid die nuttigheidsdoel in die vakke soos Kunsnaaldwerk, Kookkuns, Huishoudkunde, Kleremakery en Hoedemakery in die gewone skole sterk beklemtoon omdat dit die doel was om die kind te trek en dan deur die Engelsmedium te angliseer. Die uitgangspunt kan gesien word in die feit dat die leerling deur die tegniese kennis voorberei is in die omgewing waar hy grootgeword het, sodat die opgedane kennis maklik in die praktyk omgeskep kan word. Dogters moes in die huisvlytrigtings toegerus word en die seuns in die handvaardigheidsvakke soos Houtwerk, Tuinwerk, Kartonwerk en Landbou. By die gewone skoolvakke wat sterk vormende eienskappe gehad het, is die handwerkvakke gevoeg sonder dat bedoel is dat die leerlinge hul lewensberoep in die handwerkvakke sou gaan soek.

Op versoek van die nywerheids- en die sakewêreld is na 1910 die Konferensie in Pretoria belê met die doel om deur meer doelgerigte skoolonderwys (laer en sekondêre) toekomstige ambagsmanne, verkoopsmanne en landbouers te vorm. Die aanbevelings was dan nou ook direk beroepsgerig en daarom moet die uitgangspunt by die handwerkvakke in die gewone skole gesien word as aanbiedinge met die doel om die "rule of the thumb" te verwesenlik. Die leerlinge moes almal die een of ander soort belangstelling ontwikkel en hulle dan na verlating van die laerskool vir die een of ander kursus aanmeld, ten einde hulle vir hul

latere beroep te bekwaam. Hierdie vakke was dus n soort van voorbereiding vir die volle tegniese, ambag-, industriële, huishoudkundige of landbouloopbaan. Hierdie standpunt word verder versterk as gelet word op die doelstellinge van die Industriële skole ter bekamping van die armbankevraagstuk. Saam met die gewone skoolvakke is ook beroepsgerigte vakke aangebied soos messelwerk, timmerwerk, leerwerk, naaldwerk en huiswerk. Die seuns en dogters het hulle dan op die wêreldmark as halfgeskoolde vakmanne bevind. Met lae besoldiging moes sulke seuns en dogters dan n sukkelbestaan in die stedelike lewe voer, waar hulle as goedkoop arbeid die mark oorlaai het. Dit het dan meegewek om die jong ambagskole in die stede n opdraende stryd te laat voer.<sup>1)</sup>

## 2. DIE WESE VAN BEROEPS- EN TEGNIESE ONDERWYS IN DIE PROVINSIES

Die Tegniese, Ambag- en Industriële skole in die vier provinsies het uiteenlopende uitgangspunte vir die onderrig van toekomstige vakmanne op die oog gehad. In die Tegniese skole is veral klem op die teorie van die vakke gelê. Verder is die wetenskappe beoefen met die oog op die toepassing van die feite in die praktiese beoefening van die ambagte en is die wiskundige feite gebruik om die argitektoniese gegewens en konstruksies beter te begryp. In die Ambagskole is die teorie (die wetenskaplike feite in verband met die ambagte) saam met die praktiese werk in die werkwinkels aan die toekomstige vakmanne aangebied. Wat die studente in die skool geleer het, was n groep aanverwante wetenskaplike kursusse wat later in die werkwinkels in n voorgeskrewe leerplan prakties uitgewerk moes word. Hierteenoor het die Industriële skole die leerling met swakker verstandelike vermoëns deur die doenaspek sekere prosesse geleer. By die Industriële skole geld die Hollandse spreekwoord "al doende leert men". Die leerlinge word dus nie in die teoretiese feite wat in die verskillende ambagte onontbeerlik is, onderlê nie, maar hulle doen die konstruksiewerk in navolging van die instrukteur.

---

1. Sien Hoofstuk III C (b) (iii).

Waar die Nasionale Raad van Advies vir Tegniese Onderwys die provinsiale owerhede versoek het om minstens een skool in elke distrik op te rig of in te rig om kommersiële vakke aan te bied aan voornemende handelaars of klerke, is daar geringe vordering op die gebied gemaak. Net soos in Engeland was die handelsonderwys in Suid-Afrika ver agter dié van die Duitse of die Europese state. Die handelskursusse was dan ook baie beperk want dit het slegs voorsiening gemaak vir taalonderrig, Snel- en Tikskrif, Boekhou en Handelsrekene in die gewone sekondêre skole. Vergelyk mens dit met die opleiding wat in Duitsland<sup>1)</sup> verskaf is, dan word beseft dat hier slegs onder druk voorsiening gemaak word, maar dat dit geensins aan die behoeftes van die gemeenskap voldoen nie. Dink aan die opleidingsvereistes van verkoopsmanne (reisigers), van winkelbestuurders, fabrieksbase, bestuurders, stowwedekundiges, ouditeure en someer waarvoor in hierdie soort skole voorbereiding moet geskied.

As die voorsiening van kommersiële opleiding aan groot tekortkominge onderhewig was, kan dit nog veel meer van die landbou-opleiding gesê word. Die Viljoen-kommissie van 1918 het aan die lig gebring dat Natuurkennis in praktiese tuinwerk uitgewerk kan word en dat Landbou in al sy vertakkinge in teorie en praktyk 'n groot behoefte by die Afrikaanse volk is. Die gevolg hiervan was die voorbereiding van seuns en dogters in skole soos Tweespruit, Weston, De Lagersdrift en Worcester, maar veral is die opleiding in die vorm van tuinwerk in die gewone skole aangebied waar daar opgeleide leerkragte was en waar die omgewing die geleentheid gebied het. Slegs Tweespruit het opspraak verwek deur die bekwame wyse waarop die leerlinge vir die boerdery beide teoreties en prakties toegerus is.

Met redelike sekerheid kan aangevoer word dat die dogters in al vier die provinsies in die tegniese onderrig die beste daaraan toe was. Nie net is hulle doeltreffender in die gewone skole in Naaldwerk, Kookkuns, Was-en-stryk, Huishoudkunde, Kleremakery, Hoedemakery, Spin- en weefwerk toegerus nie, maar ook in die huishoudskole is hulle deeglik

---

1. Sien hoofstuk V 2 (o) (i), (ii), (iii) en (iv).

voorbereid om hul plek in die huishouding vol te staan. Maar ook hierdie opleiding is vandag by verre nie voldoende vir die opleiding van dogters nie. Daar is baie doeltreffender en uitgebreider kursusse nodig om die dogter vir 'n lewensberoep toe te rus. Sy moet behalwe huishouding menigvuldige geleenthede gebied word om in die volkshuishouding in te pas.

### 3. DIE BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE VIER PROVINSIES

#### (a) Kaapland

In Kaapland het daar in 1924 nege verskillende soorte tegniese en beroepskole bestaan waarvan die beheer in uiteenlopende groepe se hande was. Daar is skole wat gestig is deur skoolkomitees wat beheer gehad het oor gewone skole waarin beroepsvakke onderrig is kragtens Goewermentskennisgewing nr. 931 van 1893. In 1905 het hierdie skole onder die skoolrade geressorteer, maar moes skoolrade wel die salaris van leerkragte betaal sonder aanstellings- of ontslagsreg.

Voortsettingsklasse kon deur onderwysers of skoolkomitees gestig en beheer word ooreenkomstig Goewermentskennisgewing nr. 388 van 1893 en so kon Industriële skole gestig word. Die staat sou dan R20.00 per leerling per jaar betaal. So is die Uitenhaagse en die Kaapse Industriële skole deur die N.G. Kerk en belangstellende sakelui asook opvoedkundiges onderskeidelik gestig.

In 1913 het die Provinsiale Raad in Ordonnansie nr. 16 op aanbeveling van die Nasionale Raad van Advies vir Tegniese en Beroepsonderwys die stigting van Nywerheidskole gemagtig. Die Beheerkomitee het bestaan uit ses lede waarvan die Administrateur drie en die betrokke Skoolraad drie uit sy eie geledere benoem het. Leerlinge moes st. 4 geslaag het en moes tussen die ouderdomme van 13 en 16 jaar wees en moes tot hul 18de jaar die skool besoek. Ook moes hulle verder as drie myl van 'n gewone skool gewoon het.

Weer eens op aandrang van die Nasionale Raad van Advies vir Tegniese en Beroepsonderwys het die "Indigent Children Boarding House Ordinance" nr. 11 van 1917 die sametrekking van leerlinge wat baie be-

hoefdig is in skoolkoshuise gemagtig. Hierdie kosskole wat vir die leerlinge gestig is, het onder meer net onder toesig van kerke en aanverwante liggame gestaan. Skoolrade en selfs gewone skoolkomitees kon hulle nie stig nie. Omdat die beroepsonderwys baie skaars was, kon daar nie snel met skole gevorder word nie. Dit het derhalwe die "Een-onderwyser Industrie Scholen" (Ordonnansie nr. 5 van 1919) tot gevolg gehad. Vyf skole is so gestig en in stand gehou deur die N.G. Kerk, die A.C.V.V. en die Armesorgraad van die N.G. Kerk.

Toe die voorsiening deur die kerk te stadig was, is aan die skoolrade, skoolkomitees en selfs die Departement die reg verleen deur Ordonnansie nr. 5 van 1921 om "Een-onderwyser Industrie Scholen" te stig. So is die skole selfs deur Advieskomitees beheer. Te Willowmore is n skool met n motorwerktuigkundige inslag gestig sonder dat selfs die S.G.O. daarin geken is. Die tekort aan behoorlik toegeruste leerkragte het dit noodsaaklik gemaak dat te Uitenhage seuns as onderwysers in die tegniese en beroepsrigting onder toesig van die Departement opgelei is en dogters as onderwyseresse in die skool te Adelaide. Spesialiste is in elke beroepsvak as Organiseerders in Kaapland aangestel om die opleiding te inspekteer.

Dit te begrype dat die "Kommissie van Ondersoek i.v.m. Industriële Onderwys" van 1922 op al die uiteenlopende punte die klem laat val het,<sup>1)</sup> Toelatingsouderdomme het in vier kategorieë geval. Die duur van die opleiding het ook van skool tot skool verskil en kan in vier groepe verdeel word. Die salarisse wat aan die leerkragte betaal is, het vir elke beheerkomitee anders daar uitgesien, want die staatstoelaes het van skool tot skool verskil.

"Alle industriële onderwys moet onder die beheer van een Staatsoutoriteit geplaas word" is die eerste aanbeveling van die bogenoemde Kommissie van Ondersoek, en die S.G.O. verklaar dan ook in sy jaarrapport van 1922 "dat die tyd aangeboreken is, waarop de land het ganse vraagstuk dient te overwegen...."<sup>2)</sup>

- 
1. K.P. 2 - 1923, 174 - 177. Sien ook hoofstuk IV B 2 (d).
  2. Jaarrapport van S.G.O. 1922, 31.

(b) Transvaal

In Transvaal het die Direkteur van Onderwys met sy twee inspekteurs van Tegnieese en Beroepsonderwys die Industriële skool te Potchefstroom, die Huishoud- en Ambagskole aan die Rand en Pretoria en die Industriële afdelings op die platteland saam met die plaaslike Beheerrade beheer. Oor hierdie skole het die skoolrade sowel as gewone Skoolkommissies niks te sê gehad nie. Die Beheerrade is kragtens Goewermentskennisgewings in 1912<sup>1)</sup> aangestel en die regulasies van skole is volgens dieselfde kennisgewings bekragtig. Potchefstroomse Beheer Komitee is by die Registrateur van Maarskappye geregistreer en is toelaes betaal vir elke leerling wat in die skool opgelei is. Hierdie komitee het volle beheer oor die onderwysers gehad en die aanstellings en ontslag sonder meer gedoen. By die aanstelling van hoofde het hulle egter die Direkteur van Onderwys geraadpleeg. Hierdie reg het selfs die Ambagskole van Johannesburg en Pretoria nie gehad nie.

Waar die gewone skole ook tegnieese en vaardigheidsvakke aangebied het, daar het aanbevelings vir die oprigting van houtwerksentrums deur die Skoolkomitee en die Inspekteur van Tegnieese onderwys via die Skoolraad van die betrokke area by die Departement van Onderwys uitgekom. Die poste is dan deur die Provinsiale Raad op die begroting geplaas. Langs hierdie weg is gereedskap aangeskaf en materiaal is ook via die Skoolraad bekom. Daar het nie veel probleme in Transvaal opgeduik nie, maar behoeftes van nywerhede en myne was egter veel groter as wat die provinsiale skoolstelsel kon lewer en daarom het die myne hul eie skool vir vakleerlinge in Johannesburg gestig.

Landbou-onderrig is egter baie verwaarloos want daar het nie n spesiale inspekteur vir die vak bestaan soos in die Kaap nie en dieselfde kan van Handelsonderrig gesê word. Voortsettingsonderwys het onder toesig van n spesiale organiseerder op die Rand gestaan en het onder die Skoolraad geressorteer. Behalwe gewone skoolvakke is ook

---

1. Sien hoofstuk III 3 (d) (1).

handelskursusse en handwerkvakke aangebied. Gewone skoolinspekteurs het in hul rapporte gereeld van die vordering op tuinboukundige gebied melding gemaak.

(c) O.V.S.

Soos in Transvaal het die Tegniese en Beroepsonderwys in die O.V.S. ook in die gewone skole plaasgevind in soverre dit by die leerplanne ingevoeg is.<sup>1)</sup> Die skoolkommissies is egter deur die ouers van die skool verkies en die skoolrade is weer deur die skoolkommissies verkies en is verder met een derde van die ledetal deur die Administrateur aangevul. Hierdie kommissies het dus heelwat meer seggenskap as dié in Transvaal gehad wat slegs adviserend was. Handwerkvakke is vir hul nuttigheidswaarde aangebied en ter voorbereiding van leerlinge wat later in die beroepsrigtings wou ontwikkel.

Elke Industriële skool in die O.V.S. het op aanbeveling van die Kuratorium wat deur die Administrateur aangestel is op aanbeveling van die skoolhoof sy eie regulasies in die Staatskoerant en later die Provinsiale Gazette laat proklameer.<sup>2)</sup> Elke skool se regulasies het dus aan die vereistes van die omgewing waar die skool geleë was beantwoord en het aan die leerlinge se behoeftes voldoen. Daar was dus Industriële opleiding in aparte skole vir seuns en dogters en ook vir die Politegniese Instituut in Bloemfontein wat behulpsaam was met die opleiding van aspirant-leerkragte.

Hierdie plaaslike liggame het beheer gehad oor die gelde wat vir die skool beskikbaar gestel word sowel as oor die toelatingsvereistes. Aanvanklik was die toelatings slegs st. 4, maar later op aanbeveling van die Kuratoriums het dit opgegaan na st. 6. Een groot leemte in die O.V.S. se beheerstelsel is dat daar geen gespesialiseerde inspekteur van tegniese en beroepsonderwys was nie en die skole maar self moes voortgaan met die leerplanne. Vir voortsettingsklasse is daar egter plaaslike komitees deur die Hertzog-wet, artikel 77 (a) ingestel wat soos die skoolrade die onderwys ten volle beheer het.

---

1. Sien hoofstuk III B.4 (a).

2. Hoofstuk III B.4 (e).



(d) Natal

Die Natalse beheerstelsel het weer heeltemal van die ander provinsies daarin verskil dat dit slegs Advieskomitees gehad het om die plek van skoolrade in te neem.<sup>1)</sup> Die Advieskomitees het egter met die County Borough Councils in Engeland ooreengekom, maar het geen belasting kon hef nie en hul advies is selde aangeneem. Tog kon hulle selfs skole in hul eie afdelings inspekteer om aanbevelings te kan doen.<sup>2)</sup> Die Sentrale regering van die provinsie het in al vier die provinsies ooreengekom, want dit is deur die Zuid-Afrika-wet gemagtig en daarom het Natal sowel sy direkteur en inspekteurs as organiseerders vir tegniese en beroepsonderwys in gewone skole vir seuns en dogters apart gehad asook 'n organiseerder vir die Tegniese skole.<sup>3)</sup>

Die twee Tegniese inrigtings in Durban en Pietermaritzburg het hul eie beheerrade gehad wat slegs verteenwoordiging vir vyf lede uit die vyftien aan die Onderwysdepartement toegestaan het. Hierdie rade het die kurrikulums saam met die leerkragte opgestel en subkomitees benoem om oor verskillende afdelings van die werksaamhede te waak. Die finansies is gevind deur klasgelde en donasies van die Provinsiale Administrasie, die stadsrade en sakeondernemings, dog van laasgenoemde bron is feitlik niks ontvang nie.

Hoewel die Departement van Onderwys die reg van inspeksie gehad het, was albei bogenoemde inrigtings baie trots op hul outonomie en het selfs nie die Tegniese Organiseerder van die Nasionale Raad van Advies vir Tegniese en Beroepsonderwys die reg gegun om nasionale sertifikate vir die inrigtings voor te skryf nie.<sup>4)</sup>

Uit bostaande blyk dat die Suid-Afrikaanse volk, wat na Uniewording alles vir gemeenskaplike voordele van die hele volkshuishouding wou opoffer, telkemale teen die heterogene onderwysowerhede sou stuit,

- 
1. Hoofstuk III B.5 (a) (ii).
  2. Hoofstuk III B.5 (a) (i).
  3. Hoofstuk IV B.5 (a) (iv).
  4. Hoofstuk IV A.5 (f).

want hoewel Selborne reeds al 'n nasionale eenheid voorgestaan het en nie net 'n ekonomiese eenheid nie, en die ontwerpers van die grondwet die onderwys slegs vir vyf jaar in die hande van die provinsies wou gelaat het, is daar vandag nog nie 'n nasionale onderwysstelsel nie en bring die verdeelde beheer soveel uiteenlopende standpunte voor dat dit net stremmend op die ontwikkeling van die volk as 'n nasionale eenheid inwerk.

Met die oornome van tegniese en beroepsonderwys deur die Minister van Onderwys in 1924 tot 1928 is die verbrokkeling van die stelsel en die verdeling van die ondeelbare nog verder gevoer. So is uit die slegte die goeie gebore. Die oornome is juis in belang van die hele ekonomiese struktuur van Suid-Afrika nou dat die sterk oplewing ons bykans oorval het. Talle nyweraars en ekonome het dit daeliks in hul openbare toesprake oor die tekort aan behoorlik opgeleide tegnisi en duisende word vanuit die Westerse wêreld maandeliks in Suid-Afrika toegelaat. Die bestaande verdeelde beheer lewer verskeie onoorbrugbare struikelblokke vir die behoorlike voorsiening van ambagsmanne, beroepslui en tegnisi en sal in die naaste toekoms onder huidige toestande geen oplossings vir die vraagstukke gevind kan word nie. Die land se ekonomie en ontwikkeling sal steeds groter getalle behoorlik toegeruste tegnisi verg en sal die agterstand steeds groter en groter word tensy daar sonder veel aarseling volgens vaste riglyne vir die toekoms koers gevat word.

## B. RIGLYNE VIR DIE TOEKOMS

### Inleiding

Om aan al die vereistes van die hele volkshuishouding te voldoen, moet daar stellig behalwe die huidige tegniese en beroepskole nog veel meer inrigtings opgerig word sodat daar in elke omgewing volgens die eise van die gemeenskap tegniese en beroepsopleiding aangebied kan word. Die oprigting van geboue sal egter niks baat sonder dat die leerlinge daarvoor gevind word nie en miskien nog dringender is die voorsiening van behoorlik toegeruste leerkragte. Verder is daar dringende behoeftes om die opsetlike antagonisme teen dié soort skole (grootliks

toe te skrywe aan die verdeelde beheer) teë te werk.

Dat die tegniese en beroepskole derhalwe nie hul regmatige kwota van die studerende jeug volgens die behoeftes van die land ontvang nie, val nie aan te twyfel nie. Benewens hierdie tekort is daar ook die ongelyke verdeling van die leerlinge met die nodige aanleg en talent. Niemand kan dit betwyfel nie dat die swak leerlinge van die gewone skole deur die ouer en skoolowerhede na die beroepskole verwys word. Daar bestaan dan ook geen wetlike of departementele ooreenkoms waarvolgens die kwota vir die tegniese en beroepskole gevind kan word nie. So lank as wat die ouers in onkunde leef wat die tegniese en beroepskole vir hul kinders inhou en dit nie deur behoorlik opgeleide beroepsvoorligters bekend gestel kan word nie, sal die swakste en kleinste groepie leerlinge aan die tegniese en beroepskole toegewys word.

1. SKEPPING VAN SUID-AFRIKAANSE STELSEL VAN BEROEPS- EN  
TEGNIESE ONDERWYS

Daar is nie die geringste twyfel daaraan nie dat die opstellers van die Zuid-Afrika-wet onderwys in die hande van die sentrale owerheid wou gehad het. Vandaar dat met toejuiging die voorstel aanvaar is dat

"Wetgewing aangaande onderwys behalwe hoër onderwys by de Provinsiale Raden te berusten voor vyf jaren en daarna todat het Parlement andere schikkingen maakt." "Het is slechts een tijdelijke regeling," het generaal Smuts later in die Transvaalse Parlement verklaar. "Zonder onderwijs kunnen wij niet wedijveren met andere volken" en "Ik beskou het onderwys als een zaak van nationaal belang,"

was sinsnedes uit die rede van Farrar, ook een van die afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie.<sup>1)</sup>

Ten einde tegniese en beroepsonderwys vir die volle volkshuishouding aan te bied, is dit noodsaaklik dat die hele onderwysstelsel in oënskou geneem word. Daar moet die nodige vloeibaarheid wees sodat leerlinge van provinsie tot provinsie kan verskuif sonder wesenlike agterstand of voorsprong. Ook moet leerlinge van die gewone skool

---

1. Sien hoofstuk III A.4, 5 en 6.

na die verskillende tegniese en beroepskole oorskuif tot en met st. 7 sonder dat die agterstand te gedug gevoel word. Alle laer onderwys moet oor die hele land aan die vereistes van die ouers voldoen en leerlinge moet dan in skole in die onmiddellike omgewing van die ouerhuis gevestig wees. Sodra die stadium van volksonderwys verby is en die kind hom met die beroep van die toekomst besig hou, moet die sentrale skool huisvesting verleen en onderrig voorsien in enige behoefte van daardie gemeenskap. In Duitsland het die laerskool na vier jaar geëindig, in Engeland in st. 4 en in Rusland st. 2. In die V.S.A. was die breek ook in st. 4. Om soveel moontlik algemeen kulturele onderwys te ontvang, word 'n afsluiting ook in st. 4 aanbeveel, d.w.s. ongeveer na die sesde skooljaar en dus om en by die 13de jaar chronologiese ouderdom.<sup>1)</sup> Hierdie onderwys is grondslagleggend en moet 'n grondige kennis van die amptelike tale, skryf en reken ten doel hê, benewens godsdiens, omgewingsleer en een of ander handwerkvak vir seuns en dogters.

Na die vierde standerd moet elke leerling nog drie jaar aan 'n sentrale skool deurbring met algemene skoolvakke soos die twee tale, Geskiedenis, Wiskunde, Aardrykskunde en Wetenskap of 'n derde taal met die een of ander praktiese beroepsvak en die teorie daaraan verbonde. Gedurende die tydperk is die leerling, die ouer, die onderwyser en die beroepsvoorligter besig om die aanleg van die kind wetenskaplik na te vors. Stille skolastiese, verstands, karakter- en aanlegtoetse en behoorlike "case studies"<sup>2)</sup> moet op elke leerling uitgevoer word en dan moet die voorligting aan ouer en leerling gebied word. Dit bring die leerling dan in sy vyftiende jaar en voor hy skool verlaat, moet hy volgens sy belangstelling in die regte skool vir spesialisasie geplaas word.

- 
1. Sien Natalse Provinsiale Kennisgewing nr. 298, 1920. Afsluiting is ook op 13de chronologiese ouderdomsjaar aanbeveel.
  2. Beard: A Case Study of a Vocational Training and Placement Program.

Gedurende die laaste drie jaar is die leerling dan in die soort skool waar hy hom reeds vir die beroep van sy lewe voorberei. Hierdie soort skole kan nie in elke skooldistrik opgerig word nie, maar slegs in streke waar dit geregverdig word en hierdie streke word nie deur provinsiale grense geraak nie. So sal die myngebiede van Klerksdorp en die Noord-westelike Vrystaat saamgesnoer word om skole vir elke soort beroep op te rig. Die kursus van die ses vakke sal betrekking hê op die betrokke beroep en toelating tot universiteit, opleidings- of tegniese kollege verleen.

Leerlinge wat egter vanweë die een of ander tekortkoming of hindernis uitsak, moet weer in voortsettingskole toegeerus en voorberei word as hulle die skool verlaat voor hulle agtiende jaar.

Onderstaande skema stel die stelsel vir Suid-Afrika voor.<sup>1)</sup>

---

1. Sien 'Onderwysplan - Rutten', 8.

	3 jr	3 jr	3 jr	3 jr	
TEGNIESE KOLLEGES TEORETIE EN PRAK- TIES (BEROEPSGERIG)	Kunsvakke en groepskursus				OPLIDINGSKOLLEGES TEORETIE EN PRAK- TIES BEROEPSGERIG
	Tegniese en groepsvakke				
	Huishoudkundige en groepskursusse				
	Handelsvakke en groepskursusse				
	Landboukundige en groepskursusse				
	Wetenskaplike en groepskursusse				
	Literêre en groepskursusse				
UNIVERSITEITE TEORETIE EN PRAK- TIES BEROEPSGERIG	Senior voortset- tingsonderwys (beroepsgerig)				
	Junior voort- settingson- derwys (teg- nies)				
TEGNIESE KOLLEGES TEORETIE EN PRAK- TIES (BEROEPSGERIG)	Oorgangskole (Verpligtend)				OPLIDINGSKOLLEGES TEORETIE EN PRAK- TIES BEROEPSGERIG
	Laerskole (Verpligtend)				
	Junior laerskole (Verpligtend)				
UNIVERSITEITE TEORETIE EN PRAK- TIES BEROEPSGERIG	Volksonderwys				OPLIDINGSKOLLEGES TEORETIE EN PRAK- TIES BEROEPSGERIG
	Kleuteronderwys (opsioneel)				

(a) Formulering van Beleid

Inleiding

"By common agreement vocational education is so vital to our general welfare that it cannot be left to the states working independently of each other,"<sup>1)</sup>

was die saamvattende stelling van Struck oor die beleid van die Federale regering in die V.S.A. dat die tegniese en beroepsonderwys eintlik by die nasionale welvaart van die land tuishoort. Hy beweer dan ook verder dat die heilsame vrugte wat die Smith-Hughes-wet op die beroepsonderwys gehad het, nie deur enige navorser op die terrein van die onderwys betwyfel kan word nie. As die Federale regeringstelsel die noodsaaklikheid ingesien het van 'n nasionale optrede op die gebied van die onderwys en tegniese en beroepsonderwys in die besonder, hoeveel te meer moet 'n Unie dan nie bewus wees van die eenheidstrewende ten behoeve van die volkswelvaart nie.

Ekonomiese veiligheid is eerstens die plig en taak van die sentrale regering. Om daardie veiligheid te verseker, moet die hoekstene waarvan die tegniese en beroepsonderwys die vernaamste is, op 'n nasionale grondslag gelê word.

"The old laissez-faire policy of government is giving way to the concept that in a democratic form of government such as ours, people look to the government as an agency to promote the general welfare rather than to oppress persons in various ways."<sup>2)</sup>

Omdat tegniese en beroepsopleiding in so 'n groot mate sosiaal-ekonomiese beplanning ten grondslag lê en in so 'n groot mate vir die welslae daarvan ingespan kan word, is dit noodsaaklik vir die staat om geen stremende faktore in die rigting te duld nie. In Suid-Afrika is die verdeelde beheer een van die vernaamste struikelblokke in die weg van 'n sosio-ekonomiese beplanning en stuur die welvaart van die volk in rigtings wat nie die volle ontplooiing van die vermoë van die hele bevolking benut nie. Duisende seuns en dogters word in die algemene

---

1. Struck: Vocational Education for Changing World, 64.

2. Ibid., 65.

onderwys van die provinsies vasgepen en met skamele toerusting die volwasse lewe ingestuur.

(1) Provinsiale Onderwys

In elke provinsie in die Republiek van Suid-Afrika is daar burgers en burgeresse wat voor 1910 die voorreg gesmaak het om in 'n klein onafhanklike staatjie te gewoon het. Die herinneringe aan die vryhede wat hulle geniet het onder 'n eie verkose regering, lei hulle vandag nog wanneer hulle smaaklik vertel uit die dae van hulle jeug. So het die grense van hul staatjies vir hulle magiese waarde gekry wat in die Provinsiale Raadstelsels bly kleef het. Tog is daar 'n groot persentasie van die hedendaagse volk wat nie daardie wonderlike gewaarwordinge meer kry as hulle oor die grense van die een na die ander provinsie reis nie, nieteenstaande die skoolstelsel in Suid-Afrika daardie provinsialisme met krag gevoed het. Uit die aard van die saak is dit juis die onderwys wat deur die Westerse nasies ingespan is om die nasieskap te bevestig en hoe gouer dit in Suid-Afrika gebruik word om die nasionale bewussyn te oriënteer in plaas van die provinsialisme, hoe eerder sal die grondslag vir 'n patriotiese inslag gelê word om tot groot hoogtes te groei.

Die vertolking van die begrip "hoër onderwys" soos bepaal in die Grondwet van 1910 is reeds bespreek.<sup>1)</sup> Maar die feit dat alle onderwys deur die parlementêre wetgewing aan die sentrale regering oorgemaak kan word, is hier deurslaggewend. Ten einde egter aan die eienaardige tradisionele lewensopvattinge van sekere ouers toe te gee asook aan die suiwer Christelike beginsel dat die ouers volgens doopbelofte hul kind moet opvoed of laat opvoed, kan die laer of primêre onderwys binne provinsiale grense aan die volk toegeken word. Hierdie onderwys wat nie beroepsrigtinge op die oog het nie, kan desnoods aan die bestaande provinsiale stelsels toegeken word. Die skole is egter nie net die "bewaarskole" soos in die debatte van die Parlement van Transvaal beweerd

---

1. Hoofstuk III c. 1 (a).



is nie<sup>1)</sup> maar dit is onderwys tot en met st. 4 waar die leerling sy puberteitsfase betree. Seuns raak dan doenig met gereedskap en dogters met die werklike huishouding. Die beleid bly egter n saak van die hoogste gesag.

(ii) Onderwys onder die Sentrale Owerheid

Van die sentrale regering word verwag dat die jeug as gelukkige burgers van die land in behoorlike werk geplaas word. Die kiesers oefen druk op hul verteenwoordigers uit om deur ontplooiing van plaaslike toestande geleenthede aan elke toekomstige burger vir n behoorlike bestaan te bied. Daar is dus vir die sentrale regering twee voor die hand liggende moontlikhede t.o.v. die ekonomiese, sosiale of kulturele ontwikkeling. Eerstens moet deur beplanning n stelsel ontwerp word om die werkloses van n verdienste te voorsien en tweedens moet die moontlike werkloses van die toekoms so toegerus word dat hulle wel n heenkome in die volkshuishouding kan vind. Deur onderwys kan die toekomstige staatsburgers in n demokratiese land die nodige verantwoordelikheid bekom om pligte te aanvaar en na te kom. Aangesien in S.A. maar n geringe persentasie van die opgroeiende geslagte die universiteitspeil bereik, is die sentrale owerheid verplig om die werk van die provinsies vir hul rekening te neem wanneer dit alreeds te laat is. Die jeug moet dus in die voor-universitêre stadium reeds onder die sentrale owerheid ressorteer sodat hulle vir die een of ander beroep waarvoor hulle die nodige aanleg het, voorberei kan word. Dit sal dan die verantwoordelikheid van die Sentrale owerheid wees om deur arbeidsopnames te wete te kom wat die skole moet lewer en dan toe te sien dat daar wel beoefenaars virsekere beroepe sal wees.

Tot dusver het die Departement van Unie-onderwys in dieselfde bootjie gevaar as die Federale regering van die V.S.A. van wie gesê is

"that in most of the states of the Union at least, the only way in which a boy or a girl can secure an industrial training is to be born feeble-minded or commit a crime."<sup>2)</sup>

---

1. Hoofstuk III A. 5.

2. "Vocational Education" Vol 2, 142, n Amerikaanse Onderwysblad.

Dit wil voorkom asof die geloof nog steeds bestaan dat geleerde mense nie handewerk hoef te verrig nie en daarom het Gardham verklaar<sup>1)</sup> dat Tegniese en Beroepskole net sowel breinkrag benodig as enige ander beroep in die land en dat dit n belediging is vir tegniese skole dat net dommes daarheen kan gaan.

Prof. Clarke voer in sy werk nr. 3 van "The Christian News Letter Books" aan dat die beste skeiding tussen primêre en progressiewe onderwys op die ouderdom van 9 is wanneer die leerling reeds sielkundige en verstandelike vermoëns toon om met vaardigheidsvakke te begin.

"Experience in schools other than the public elementary has shown that at about the age of 9 a boy can make a start with his French, his elementary mathematics and elementary science, can begin to broaden the range of his reading and broaden and refine his powers of craftsmanship and manual skill."<sup>2)</sup>

In Duitsland het die skole na die vierde jaar van elementêre onderwys die leerlinge in staat gestel om in die een of ander beroepsgerigte vak te begin. Daar is egter n hele kursus aangebied saam met die praktiese werk wat die kulturele onderrig nie agterweë laat bly het nie. Ook in Sowjet-Rusland het die elementêre skoolwerk wat in wese geheel en al van die middelbare skoolkursus verskil het in die vyfde skooljaar n afsluiting getoon.<sup>3)</sup> Sowel die middelbare as die elementêre skoolkursus was oor die hele Rusland eenders.

"The textbook contains the knowledge which pupils are obliged to master."<sup>4)</sup>

Die primêre onderwys was dus uniform en

"Arbitrary changes ..... are inadmissible. Compulsory uniformity of program is one of the most valuable conditions for the improvement of school-work in our country."<sup>5)</sup>

In Suid-Afrika sal dit baie vraagstukke uitskakel as die middelbare onderwys wat in groot sentrale skole aangebied moet word, in die

- 
1. Hoofstuk IV A. 2 (b) (ii).
  2. Clarke: Education and Social Change, 51.
  3. Kandel: The New Era in Education, 231.
  4. Counts and Lodge: I want to be like Stalin, 19.
  5. Medinsky: Public Education in the U.S.S.R., 49.

hande van die sentrale owerheid berus. Hierdie middelbare onderwys moet dan ook n aanvang neem in die sesde skooljaar van die leerling sodat die laaste vier jaar voor die skoolverlatingsouderdom bereik word, aan n deeglike grondslag vir die beroepsgerigte kursusse gebruik kan word. Met een jaar tot sy beskikking kan die leerling dan maklik in die laaste jaar die "senior kursus" aandurf en dalk nog voltooi as hy die aanleg het en in die regte rigting studeer.

(iii) Beheer van Onderwys


Sowel die elementêre onderwys wat ooreenkomstig n voorgeskrewe leerplan in die drie R'e moet plaasvind as die godsdiensoonderrig en die ander bykomstige vakke wat liever te beperk as te breed gestel moet word, kan behoudens die tradisionele beheerstelsel aan die ouers in die verskillende provinsies opgedra word direk onder die provinsiale rade. Dat die ouer wel deeglik die reg het om die ontwikkeling van sy kind in die vroegste jare van nader te beheer, spruit voort uit die Christelike inslag van die Westerse beskawing. Oor die hele Westerse wêreld is die ouer in die beheer van die elementêre onderwys betrokke en in Suid-Afrika is die onderwyswette onder invloed van die ekonomiese druk van die tye geformuleer om juis die leerling uit die huis weg te kry en uit die sorg van die ouer weg te neem.<sup>1)</sup>

Dat ouers meer seggenskap oor hulle kinders in die gewone algemene onderwys in die O.V.S. en Kaapland gehad het as in Transvaal en Natal, is reeds aangevoer met die behandeling van die skoolkomitees. Transvaal en Natal het slegs adviserende magte aan lokale beheer toegeken, nieteenstaande verskeie kommissies van ondersoek aanbeveel het dat die ouerseggenskap in albei provinsies met vrug uitgebrei kan word.<sup>2)</sup>

Die middelbare onderwys moet in die hande van die sentrale owerheid geplaas word sodat die nodige vloeibaarheid tussen skool, beroep en ge-

- 
1. Sien Ordonnansie 11 van 1917 in Kaapland en "De School bezoek Ordonnansie 1916" in Natal.
  2. Malherbe-kommissie se Rapport, T.P. 1, van 1920 en U.G. 19 van 1924.

leentheid deeglik beplan kan word. Na n deeglike eksamen in die elementêre skool word die leerlinge uit die provinsiale skole oorgeplaas in die hande van die beheerkomitees wat weer onder streekkomitees ressorteer. Die verkose streekkomitees ontvang hul opdragte van die Nasionale onderwysraad wat oor n deeglike administratiewe stelsel beheer uitoefen en wat die Minister van Onderwys as voorsitter het. In die praktyk sal dit meebring dat die gewone algemene onderwys tot st. 4 aan die provinsies en die ouers toegeken word en die onderwys hoër op aan die sentrale owerheid. Die ander onderwysinrigtings bly net so funksioneer.



(iv) Leergange vir Doeltreffendheid

Die aanbieding van kennis langs die beste metodes, die begripsvorming van die leerling en die daarstelling daarvan in realiteit is n voltooide onderwysproses. As enige van die fases in gebreke bly, is die proses onvoltooid en daarom kan die speelveld van die kind in die beginjare aansienlik uitgebrei word. Kleuterskole moet direk onder die sorg van die lokale owerheid staan en die leerkragte moet spesiaal opgeleide persone wees wat saam met die ouers die materiaal vir die skool aanskaf en dan aanwend om opvoedkundige resultate te bereik.

In die elementêre skool is dieselfde beginsel van toepassing en is die leerstof eers aanskoulik en later word van aanskouingsonderwys gebruik gemaak om die woord en die berispraende voorwerp te korreleer ter stoffering van die begripsveld. Aanskouingsonderwys lê die globale metode ten grondslag en kan dit toegepas word in sowel die drie R'e as in die omgewingsleer wat ook deur aktiwiteit ervaar moet word. Die begripsvermoë wat in die ervaring vasgelê is, is blywender as die onthouvermoë wat deur repetisie ontwikkel word.

In bostaande skole is dit gerade om deur praktiese doen van sake die hand-verstand-kombinasie te bevoordeel en daarom moet modelleer-klei, papiervou, patroonknip, vlegwerk, en someer n groot rol speel, sodat die latere spanwerk in karton- en naaldwerk, tekene en illustrasies tot denkbeelde kan vergestalt word voordat die leerling in die middelbare skool toegelaat word.

Die middelbare skool sal onder wisselende plaaslike omstandighede kursusse dek tot st. 8 en tot st. 10 al na gelang die digtheid van die bevolking en die omvangrykheid van die nywerheids- en ekonomiese bedrywighede. Behalwe die gewone vakke soos tale, moet die kursusse sosiale, wetenskaplike en praktiese vakke en selfs masjienwerk insluit. Die kursusse sal geleidelik van st. 5 af omvangryker en meer insiggewend word vir elke rigting waarin die leerling wil kwalifiseer, hetsy werktuigkundig, tegnies, kommersieel, huishoudkundig, taalkundig, sosiaal, opvoedkundig, en someer. Vir die eerste drie jaar is die groep vakke rondom die moontlike beroep geskaar met die twee amptelike tale burgerleer en godsdiensonderrig verpligtend. Vir diegene wat verder wil studeer, is die laaste drie jaar dan meer gespesialiseerd en voorbereidend vir die universiteit, opleidingskollege, tegniese kollege of vir n beroep.

Vir diegene wat langs die pad uitsak, moet die geleentheid vir verdere studie egter nie afgesluit word nie en daarom word n deeglik georganiseerde voortsettingsonderwysstelsel in die vooruitsig gestel, soos aan die Witwatersrand gedurende die tydperk onder behandeling georganiseer was. Die voortsettingsklasse moet sowel gedurende die dag as in die aande geskied en die werknemers moet die werkendes die geleentheid daartoe bied. So n stelsel is oor die hele Westerse wêreld in swang, en word van staatsweë beplan en verplig.

(v) Finansies van die Tegniese en Beroepsonderwys

In die V.S.A. het die Federale regering deur die Smith-Hughes-wet die toelaes aan die verskillende state toegeken, maar die uitgawes is behoorlik goedgekeur na voorlegging van jaarskemas en later vyfjaar-skemas, wat deur die Federal Board of Vocational Education beheer is.

Gelde is alleen uitbetaalbaar as die beplande onderwys uitgevoer is en in ooreenstemming met die goedgekeurde skema was. Daar is dus doelbewus deur die Federale regering ingegryp met gelde wat veral die tegniese en beroepsonderwys ten goede gekom het. In Duitsland het die tegniese en beroepsonderwys finansiëel berus op gelde wat van staatsweë, privaat persone en die nywerhede toegeken is. In Engeland het die "Board of Education" van die Britse Parlement bedrae vir onderwys ontvang en die uitgawes daarvan gekontroleer in aanvulling tot die bedrae wat deur die plaaslike owerhede, LEAs, bewillig is.

In Suid-Afrika is die gelde vir onderwys grootliks afkomstig van die Parlement wat ooreenkomstig Finansiële Verhoudingswette vir die onderwys begroot. Die aanwending van die bedrae is uitsluitlik in die hande van die provinsiale outoriteite wat nie verslag daarvan hoef te doen nie. Hier is dus 'n leemte in die stelsel en vandaar die gedagte dat die gelde wat vir onderwys aangewend word, deur die liggaam wat dit beheer, voorsien moet word. Trouens, ooreenkomstig die opstellers van die Zuid-Afrika-wet sou die finansies een van die beheermiddele van die Parlement oor die Provinsiale Rade wees totdat al die vertakkinge van die staatsadministrasie oorgeneem is.<sup>1)</sup>

Die ander uiterste standpunt in Suid-Afrika is dat die ouer volgens doopbelofte die gelde vir die opleiding van sy kind moet betaal en dan word daaronder verstaan dat die ouer sowel die leerkrag as die gebou en die skoolbehoefte moet voorsien. Waar alle belastings tog indirek of direk deur die ouers van die leerlinge betaal en die staatsowerheid Christelik in wese is, daar kan die staatsbydraes seker nie beskou word as ongevraagde inmenging in die regte van die ouer nie. Ouer en staat het albei 'n lewende belang in die opleiding van sowel die onvolwassene as die volwassene en daarom moet die gelde vir die onderwys uit albei bronne so georganiseer word dat dit die regte van elkeen in ere hou. Deur belastings te betaal, vereffen die ouer sy deel van die bydrae en deur die aanwending van staatsgelde, verkry uit die ekonomiese, nywerheids- en sosiale bronne, kom die bydrae langs een kanaal weer na die onderwys terug. Die finansies van die skole

wat deur die provinsies beheer word, moet deur die provinsiale skatkis gevind word, en die wat deur die sentrale owerheid in stand gehou word, moet uit die staatsbegrotings kom.

(vi) Opleiding van Onderwysers

Van die onderwyser in Duitsland word verwag dat hy n deeglik opgeleide persoon sal wees en daarom is alle onderwysersopleiding in die hande van die sentrale regering gelaat. In Rusland word die onderwyser as die grootste bate van die land beskou; derhalwe is die opleiding baie gespesialiseerd. Behalwe universitêre opleiding word hulle ook nog professioneel toegerus. Die salarisse is dan ook baie hoog sodat die gelukkige leerkragte gelukkige burgers en burgeresse kan kweek. Engeland verkry sy leerkragte uit twee bronne, naamlik universiteitstudente wat in die een of ander rigting in die wetenskappe of tale spesialiseer of vakkundiges wat uit die nywerhede gekies word en met beurse vir die onderwysprofessie afstudeer. In die V.S.A. stel die Federale Regering die gelde vir die bevordering van die onderwysberoep onder die beplanning van elke staat beskikbaar.

Dit is reeds in die Zuid-Afrika-wet bepaal dat alle "hoër onderwys" onder toesig van die Parlement sou val. Die reg wat in 1911 deur die Minister van Onderwys aan die provinsies toegestaan is, was inderwaarheid ultra vires, maar moes vanweë die aanhoudende skokke van buite onaangeroerd gelaat word ter wille van die binnelandse kalmte en vrede.<sup>1)</sup> Nou egter is sake anders en dien die regte perspektief t.o.v. hoër onderwys in heroorweging geneem te word. Die onderwysers behoort deur die staat opgelei te word sodat die aaneenstrengeling van die tradisionele verskille in die provinsies sneller kan geskied en die nasionale eenheid sal daar baie by baat. In geen land wat in hierdie werk bestudeer is, is die onderwysersopleiding uitsluitlik die taak van die kleiner state nie, aangesien dit die nasionale gedagte van geslag tot geslag moet voortdra.

---

1. Sien telegramwisseling tussen Minister van Onderwys en Prov. Administrateurs in 1919. 27 September 1919 en antwoord op 17 Oktober 1919 Band 59 T.O.D.

Behalwe die feit dat onderwysers ontwikkelde kultuurmense moet wees, moet hulle te alle tye die agting en respek van die volksmassas wegdra, anders doen dit skade aan die verhoudinge tussen volwassene en onvolwassene. Tans word die onderwyserskorps deur verskillende onderwyskolleges en deur die tegniese kolleges en universiteite voorberei.<sup>1)</sup> Dat hieruit slegs wyduiteenlopende standaarde van opleiding kan ontstaan, sal niemand wil betwyfel nie. Ten einde die Suid-Afrikaanse leerkrag n status toe te ken wat deur die volk gerespekteer sal word, moet die standaard oor die hele land vir elke soort skool bepaal word. Dit bring dan ongetwyfeld mee dat alle onderwysersopleiding in die hand van die sentrale regering gelaat moet word en dat universitêre agtergrond as n voorwaarde moet geld.

## 2. UITSKAKELING VAN STREMMENDE FAKTORE IN DIE ONDERWYSSISTEEM

### (a) Oorvleueling van Kursusse

In die Huishoudskole, die skole onder beheer van die Sentrale regering, word die leerlinge voorberei in kursusse wat die hele huishouding dek. Slegs onderwyseresse met die nodige kwalifikasies word vir die doel aangestel. Nou gebeur dit egter dat daar in dieselfde dorp gewone hoërskole is wat ook aan die dogters huishoudkunde in die vorm van Kookkuns, Naaldwerk en Huisversiering aanbied. Dieselfde geld vir die Handelskole en die Hoër Tegniese skole. In eersgenoemde skool word Tik-, Snelskrif en Shorthand aangebied saam met ander vakke wat as n groep rondom die beroepsgerigte vakke n aanvullende eenheid uitmaak. In die provinsiale hoërskole word Tik- en Snelskrif aangebied met gewone skoolvakke. Laasgenoemde leerlinge het glad nie dieselfde standaard van werk as tikster en kantoorklerk nie, maar word as kompeterende werkster aan die staat oorgedra. So is dit ook die geval met Hout- en Metaalwerk van die Hoër Tegniese Skole wat ook in die gewone hoërskole aangebied word. Die standaard by die Matrikulasie-

---

1. Daar is voor die Parlementêre Komitee oor die Nasionale Adviesraad betoog dat daar sowat 10 verskillende onderwyserssertifikate in Suid-Afrika uitgereik word. Sien G.K. 5 - 1962, 357.



peil verskil aansienlik en kon baie goedkoper aan elk van die leerlinge aangebied gewees het in 'n spesiaal toegeruste skool wat in harmonie met die vereistes van die nywerheid- en besigheidslêwe gefunksioneer het. Afgesien van die feit dat die leerkrigte vir elk van die soort skole spesiaal opgelei moet word, word die duur uitrusting ook gedupliseer in die verskillende skole in een en dieselfde dorp of stad.

(b) Oorvleueling van Werkkragte

Aangesien die meeste werkkragte vir die Hout- en Metaalwerk uit die industrieë getrek word, is die soort leerkrigte besonder skaars en lewer dikwels vraagstukke op wat die opleiding van die kinders strem.<sup>1)</sup> Om watter rede is dit dan geregverdig om in dieselfde huis (staat en provinsie) hierdie kragte te verdeel tot nadeel van die totale huishouding.

Origens is die inspeksie van die skole in aparte hande as gevolg van die tweespalk in die beheer en derdens is daar die oorvleueling op die gebied van die administrasie waarvoor daar ook geen regverdiging is nie, as in aanmerking geneem word dat die finansiële bronne grootliks van die Sentrale regering afkomstig is.

(c) Dubbele Beheer

"Centralization of control has saved Bantu education from the weaknesses and embarrassments which to-day afflict the education of the Europeans. In addition to the four Provincial Education Departments, there are at least eight Departments of State which administer some type or other of education from the European in the Republic."<sup>2)</sup>

Sedert die Jagger-kommissie in 1917 in die verslag melding gemaak het van die verwydering van die Provinsiale Raad-stelsel en die oornome van alle onderwys deur die Unie-Onderwysdepartement, was daar bykans elke paar jaar kommissies van ondersoek oor die misstande in die onder-

- 
1. Sien hoofstuk IV A. 3 (e) De Lagersdrift en Belfast se Industriële skole.
  2. Verklaring van Prof. Kgware van die Universiteit van die Noorde aangehaal in die memorandum van die S.A.V.T.B. voor die Parlementêre Komitee insake Onderwys Adviesraad, pag. 357.

wys en telkemale is die toestande as onbevredigend beskou. Slegs in die prosedure van uitstryking van die misstande het die kommissie provinsiaal en andersins van mekaar verskil. Die De Villiers-kommissie<sup>1)</sup> het veral baie klem laat val op die antagonisme en algemene mededinging wat daar bestaan tussen die provinsiale en die uniale na-primêre onderwysinrigtings, gesien in die lig van die algehele gebrek aan waardering vir mekaar se werk wat grootliks aan onkunde te wyte is.

So het die Inter-Kerklike Komitee van 1955 die verdeelde of dubbele beheer blameer vir "gebrek aan beplanning", "gebrek aan behoorlike en doeltreffende differensiasie en die wanverdeling van leerlinge aan die begin van die middelbare skoolloopbaan", "verdeelde beheer het gelei tot anomalieë, botsende situasies en oorvleueling" en someer. Dat die situasie nou die aandag van elke owerheid dringend nodig het, spreek in duidelike taal noudat die onderwys te kort skiet in sy pogings om aan die behoeftes van die groot nywerheids- en ekonomiese opbloei te voorsien. Daar is in Kaapland opnames gemaak dat 40% van die skoolverlaters maar st. 8 geslaag het en dus op die arbeidsmark gegooi word, sonder die nodige leiding in watter rigting hulle hul lewensberoep kan kies.

Daar word geredeneer deur opvoedkundiges dat al die primêre en sekondêre onderwys aan die provinsies afgedra moet word of so nie aan die Sentrale owerheid. Tog is dit kragtens die ooreenkoms op die Nasionale Konvensie in Durban noodsaaklik dat alle onderwys behalwe miskien die primêre onderwys aan die Unie-regering oorgedra moes gewees het. Die navorser van die toekomst sal geregverdig wees as hy die provinsiale owerhede wat gekant is teen oordraging van alle onderwys aan die Unieregering beskuldig van troubleuk op die gebied van die Grondwet.

(d) Voorsiening van beter en doeltreffender tegniese en beroepsonderwys

Wanneer "Tegniek" gereeld gelees word, bring dit dadelik die in-

---

1. Verslag van die De Villiers-kommissie van 1948. U.G. 65/1948.

druk dat daar n Industriële Rewolusie in Suid-Afrika aan die gang is. Dat ons nie in staat sal wees om in die huidige stelsels die mas op te kom nie, blyk uit die feit dat mnr. R.S. Thompson, n bekende Britse bemarkingsdoskundige, onlangs verklaar het:

"Daar is op die huidige oomblik in Suid-Afrika n tekort van 100,000 bestuurders."1)

Verder het die Bulletin<sup>2)</sup> van die Nederlandse Bank van Suid-Afrika met die oog op die te kort aan geskoolde arbeid aanbeveel dat n gesamentlike poging aangewend moet word om die arbeidsdoeltreffendheid te verhoog.

"Pogings moet aangewend word om plaaslike arbeidsdoeltreffendheid te verhoog, veral deur die aanmoediging van geskikte persone om meer kennis en bedrewenheid en n sin vir harder werk en beter prestasies op te bou"

het die "Tegniek" verklaar na aanleiding van die swak voorbereiding van ons jeug vir die beroepe waarheen hulle geleidelik getrek word.

Dis derhalwe nodig dat die onderwysstelsel so gewysig word dat die jeug en nie net die "feeble-minded" en diegene wat misdade gepleeg het nie, na Tegnieke skole gestuur word. Vir die hoë eise van die tegnieke wêreld het Suid-Afrika vandag die beste brein nodig. Om dit te bekom, moet die stelsel so gewysig word dat die verstandelike, die inherente aanleg en die fisiese vermoëns van elke jeugdige op die regte plek in die volkshuishouding na deeglike voorbereiding geplaas word. Dis nie alleen die behoefte van die burger wat hier bevredig moet word nie, maar die heilige eis van die volkshuishouding in hierdie kritiese wêreldsituasies. Daarvoor moet die provinsiale owerhede, die volk in die geheel en die partye die grootste offers bring. Alle sekondêre onderwys moet dus onder die sentrale owerheid geplaas word sodat onderwysbeplanning vir die volkshuishouding moontlik kan word. Behoorlike differensiasie in ooreenstemming met aanleg en vermoëns kan alleen langs daardie weg geskied.

---

1. Aangehaal deur "Tegniek" van April 1963.

2. Bulletin van die Nederlandse Bank van Suid-Afrika, Maart 1963.